

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 81**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## ***Te laat vir trane - NOG NIE!***

Dit kan te laat vir trane word. Dit het jy seker ook al ondervind. Daar kom mos oomblikke in die lewe wanneer jy besef dat jy graag nog iets sou wou doen, maar nou is die tyd daarvoor verby. Dit is nou te laat. Dit help ook nie om daarvoor te huil nie. Al die spyt daarvoor verander niks aan die werklikheid wat jy so graag sal wil verander nie. Dit kan te laat word vir trane — en vir berou!

Die tyd vir trane oor jou sondes waarmee jy God vertoorn het, gaan verby. Jou dood bring daaraan 'n einde, want hierdie lewe is die geleentheid vir berou en bekering — vir terugkeer tot God — vir innige verbondenheid aan Jesus Christus deur 'n ware geloof Hierdie lewe gaan verby. Die tyd staan nie stil nie. Dit het later geword, maar dit is nou nog nie té laat nie! Daar is nog tyd — genadetyd, want die liefde van God is so groot dat jy nou nog deel aan die versoening met Hom kan verkry. Sy liefde is so groot dat trane nou nog sal help. Trane omdat jy sy liefde verag het... sy gebod oortree het... sy diens verlaat het.

Vandag is dit nog nie te laat nie. Het dit jou al opgeval by die lees van die Bybel? Het jy al in die harde vermaninge, in die dringende roep tot bekering die wonderlike belofte gehoor: dit is vandag nog nie te laat nie.

Het jy al goed nagedink hoe dit moontlik geword het? Hoe dit moontlik is dat na 20 of 35 of 75 jaar nog gesê kan word dat vandag nie te laat is nie? Na al die jare waarin jy God negeer het en jou wil bo syne gestel het.

Dit kan gesê word teen die agtergrond van die krip in Betlehem, die kruis en die oop graf. Dit kan gesê word, omdat Jesus gebore is, aan die kruis die volle prys betaal het en as die oorwinnaar uit die graf opgestaan het. Dit kan gesê word, omdat daar 'n volkome Middelaar is en jy vandag nog in Hom kan glo!

Daar is nog kans voordat dit te laat is vir trane — en vir berou — en vir verlossing! Nog kans vir 'n nuwe lewe — 'n lewe van geloof, blydschap, vrede en diens aan God. Jy kan dit nie bewerk nie. Dit is reeds bewerk. Jy kan daaraan deel hê — vandag nog!

**G. N. V. Botha.**

# ***MAG U VERGEET?***

Op Sondag, 9 Desember 1838 het 470 mans namens 'n volk 'n plegtige belofte afgelê:

Hier staan ons voor 'n heilige  
God van hemel en aarde om aan Hom  
'n gelofte te doen dat as Hy met sy  
beskerming met ons sal wees, en  
ons vyand in ons hande sal gee,  
ons die dag en datum elke jaar  
as 'n dankdag, soos 'n Sabbat, sal  
deurbring, en dat ons 'n huis tot sy  
eers sal oprig waar dit Hom mag behaag;  
en dat ons dit ook aan ons kinders sal sê,  
dat hulle met ons daarin kan deel,  
tot gedagtenis ook vir die opkomende geslagte.  
Want die eer van sy Naam sal daardeur  
verheerlik word, dat die roem en die eer  
van die oorwinning aan Hom gegee sal word.

God het geantwoord. Hy het woord gehou. Die wonder van Bloedrivier is daarvan die bewys,  
maar het u woord gehou? Het u al geantwoord?

# ***DIE ROTS WAARUIT EK GEKAP IS***

## **Toekoms**

'n Toekoms? Moenie laf wees nie! Wie praat van 'n toekoms as dit in die wêreld so donker lyk. As volke mekaar dreig, as vernietiging voor die deur staan, wat is vandag seker wat môre nie omgegooi is nie? Geniet vandag met alles wat aangebied word. Vra nie na môre nie, want dan word jy bang.

Is daar 'n môre en as daar 'n môre is, wie waarborg jou dat jy nog daar sal wees en iets sal hê om te geniet?

## **Sterkte**

Wat sal my sterkte bied om staande te bly as die magte losgelaat word? Geloftedag... Bloedrivier... daarvoor praat die mense.... iets uit die vër verlede. Ek leef vandag... nie 'n honderd of meer jare gelede nie.

## **Iets gryp my**

Tog gryp iets my... Bloedrivier...'n geweldige krisis was dit...'n oormag van geweld... uitwissing het voor die deur gestaan.

Ook vir hulle moes dit gewees het asof daar geen môre was nie. En tog... hulle het nie gehandel soos die vir wie alles verby is nie en hulle het oorwin.

## **Die geheim**

Wat was dan hulle geheim? Hoe was dit moontlik?

## **Godsvertroue**

Toe die verstand niks meer kon bedink nie, toe die oog geen uitkoms sien nie, was hulle kinders voor God. Met God in die stryd, met hulle God gelewe en daarom vrees hulle nie die krisis nie.

## **Die Rots**

Dit is die rots waaruit ek gekap is. Ek groei uit hulle wat lig gesien het toe alles donker was — uit hulle wat nie maar alles omgeloop het sonder om te weet waarom nie — stoere mense wat geluister het na hulle God, hul lewe gerig het na sy Woord. Hulle het 'n wapenrusting gehad.

## **Riglyn — die verlede**

Sal ek nie kyk na die riglyn van die verlede nie? Is dit nie dalk só dat 'n volk wat sy verlede vergeet, sy toekoms verloor nie Ek het my verlede verloën en nou is ek so leeg. Moet ek nie terug nie? Moet ek nie weer dieper delf nie? Alles is afgetakel in en om my. Wat het ek oorgehou — 'n leë niks!

In die verlede het God woord gehou. Ek weet mos ook iets van die geskiedenis. Ek weet mos ook dat die onmoontlike moontlik geword het. In die verlede was dit so,

## **Weer die toekoms**

Nou die toekoms? Loop die lyn uit die verlede nie duidelik nie — God het gehelp. Die verlede — sy trou — hoor ek dit of het ek heeltemal doof geword?

Uitsigloos? Ja, dit is ek — sonder God, maar met Hom — wat sê die verlede?

Met Hom — fris en sterk en skoon — met Hom — rein en tintelend van lewenskrag en lewenssekerheid.

Terug tot Hom — Hy breek die doodloopmuur weg — 'n hand wat onweerstaanbaar lei.

'n Toekoms vérgesig, want kyk sy antwoord op die volle Godsvertroue. Kyk sy antwoord op 'n lewe voor sy aangesig!

**F. R. P de Bruyn**

# ***VAKANSIE... wie gaan saam?***

Desembermaand... vakansiemaand. Lang rye motors oor die paaie van ons land, woonwaens, busse. sleepwaens en wat nog meer! Die motors lê laag op die vere.

Desember-vakansie... ek gaan ook vakansie hou... geen bande wat my bind nie. Ek gaan laat slaap... geen horlosie om my wakker te maak nie. Ek gaan maak soos ek wil... geen baas om my aan te jaag nie.

Ek gaan rondlê in die son, rondry, swem en baljaar. Ek gaan... Ek gaan... Ek gaan... wat nie alles nie. Ek is my eie baas, maar wie het jy in jou motor? Wie gaan almal saam? Ek en my vrou en my kinders en my bediende en...

Ja, wie nog? Niemand meer nie? Kyk rond. Sien jy daardie wrak? Die motor het verlede week omgeslaan ... vier dood! Daar en daar en daar ... dood... mense dood!

"Verskriklik", sê jy? Ja, dit is so! Vir hulle gemoed en hart en sinne... was God ook saam? O ja, God gaan altyd saam, maar die vraag is of hulle dit erken, bely en geglo het. Wat het hulle alles ingepak? Net kos en klere en speelgoed, of het hulle ook die Bybel ingepak? Indien nie, bewys dit dat hulle God vergeet het.

Tog het God saamgery. Hy ry altyd saam, of jou reis voorspoedig is of nie Die groot saak is: Hoe het God saamgegaan — as Wreker van die sonde, of as Vader van sy kind? Sien jy die wrak daar? Die bestuurder is dood. Hy het in sy lewe volgehou dat God nie bestaan nie en dat 'n kerk nie nodig is nie. Om kerk toe te gaan, was volgens hom tydmors en kerkmense is skynheilig.

As God nie in die laaste moment 'n wonder gewerk het nie, het God saamgegaan as Wreker van die sonde. Hoe gaan God saam as Vader? Wanneer Christus Jesus die sonde gedra het aan die kruis van Golgota... Christus die Eniggebore Seun van die Vader.

Om Sy ontwil is daar verlossing van die sonde; is jy aangeneem tot kind van God; gaan God saam as Vader en jy geniet jou vakansie as kind van jou Vader. Kind wat in alles soek na die welbehae van jou Vader — of jy visvang en of jy swem; of jy in die diepsee uitgaan en of jy aan die strand sit en tuur; of jy eet en of jy drink; of jy slaap en of jy wakker is.

God bly jou versorgende Vader deur Jesus Christus. Hy gaan altyd met jou saam. In onheil en gevaar, sal Hy jou siel bewaar.

Desembermaand... vakansiemaand! Wie gaan almal saam? God ook? Pak dan ook jou Bybel in en laat God op die vakansie tot jou spreek; in die hotel en in die kamp; in die woonstel en in die tent; in die woonwa en in die huis.

Vir die beplanning van jou vakansie, lees eers hierdie goeie raad:

"Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak — julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. In plaas dat julle sê: As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen." (Jakobus 4:13-15)

**A. J. Coetzee**

**Luister  
na  
die  
klokgelui  
van  
God  
se  
Heilige  
Woord**

*Die volk wat in duisternis wandel  
het 'n groot lig gesien;  
Die wat woon in die land van  
doodskaduwee, oor hulle het  
'n lig geskyn.*

*Want 'n Kind is vir ons gebore,  
'n Seun is aan ons gegee  
en die heerskappy is op  
sy skouers, en Hy word genoem  
Wonderbaar,  
Raadsman,  
Sterke God,  
Ewige Vader.  
Vredevors!  
(Jesaja 9)*

*Sy sal 'n seun baar,  
En jy moet Hom Jesus noem  
want dit is Hy wat sy volk  
van hulle sondes sal verlos.  
(Matteus 1:21.)*

*En die engel sê vir hulle:  
Moenie vrees nie, want kyk ek bring vir julle  
'n goeie tyding van groot blydschap  
wat vir die hele volk sal wees,  
dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is  
die Saligmaker wat Christus. die Here is  
En skielik was daar saam met die engel  
'n menigte van die hemelse leërskaare  
wat God prys en sê:  
Eer aan God in die hoogste hemele en  
Vrede op aarde,  
in die mense 'n welbehag!  
(Lukas 2.)*

# **BETLEHEM... DIE DEUR**

'n Deur dien om iemand te laat inkom of uitgaan. So 'n deur was Betlehem. Meer as tweeduisend jaar gelede het God in die gestalte van 'n Kind hierdie wêreld ingestap deur Betlehem. Betlehem word 'n deur na die hemel. Die mense in Betlehem het dit self nie verwag nie. Die meeste het na Betlehem gekom om geregistreer te word. Die lofsang van daardie tyd het hulle gesing: Groot is keiser Augustus.

Twee mense met die alledaagse name — Maria en Josef — sing nie saam nie. Heen en weer skarrel hulle om losiesplek te vind. Die dorp is oorvol. Daar is geen plek nie. Die uiteinde is 'n stal en 'n krip. Niemand verwag iets besonders van twee alledaagse mense tussen die massa nie.

Toe gebeur dit... 'n deur word in hierdie wêreld ingebreek. 'n Stal word 'n liggende poort. Ons Verlosser word gebore. God kom hierdie wêreld binne deur 'n krip. Kyk goed na daardie dorpie Betlehem — huis van brood, maar vir God, in die gedaante van 'n mens, is daar geen plek tussen die baie platdakhuisies nie — arm mense en woningnood.

Diere in grotte teen die rante. Klein, nederig, veragtelik en tog is dit die deur waardeur God hierdie wêreld instap... en in jou lewe.

Betlehem sê: God kom tot jou in jou:

- verstotenheid,
- ellende,
- weggegooide lewe,
- armsaligheid.

Hy kies juis Betlehem as deur na hierdie aarde. Hy daal nie skrikwekkend af in 'n orkaan nie. Hy dreig jou nie met die jaag van stormgeweld nie. Hy kom in deur die deur van Betlehem, sodat ons weer kan opstaan, vergeet wat agter is, vorentoe kyk en die voet plaas op die weg van die deur van Betlehem — Jesus Christus.

As jy weier, word dit te laat. Daarom moet jy en ek luister na die klop aan die deur van Betlehem — Kersfees! God kom tot jou, sonder dat jy na Hom geroep het. God antwoord jou, voordat jy na Hom gevra het. God skenk sy Seun, voordat Hy eis, sodat ons sal vind waarna ons diep in ons hart verlang:

Vrymoedigheid,

Vrede met God en Versoening — juis hierdie Kersfees staan dit breed voor jou oop:

BETLEHEM... DIE DEUR... gaan jy in of klap jy die deur toe?

**C. J. H. Venter**

# *Feesvier!*

## **MET Christus — SONDER Christus**

25 Desember. Nog net enkele dae, dan is dit Kersfees! Hoe het die jaar verby gevlieg en as hierdie paar dae ook so vinnig gaan verbyvlieg, gaan niemand reg wees vir Kersfeestyd nie. Wat moet nie nog alles gedoen word nie? Stilletjies moet geld een kant gesit word vir die geskenke — en dis vanjaar alweer meer as verlede jaar. Hoe sal 'n mens dit tog regkry om vir almal iets te kry, maar dit móét net eenvoudig — ter wille van die vreugde.

Die kos en lekkernye! Wat sal daar vanjaar besonders wees? Sal die maal beter wees as verlede jaar? Wie sal almal by ons wees? Sal die familie nie saamkom op die vakansieplek nie?

Soos die twee maande verbygaan, raak die druk al groter, die opgewondenheid neem toe, die hele land kom in beweging, die winkels en straatliggies en Kersfeesfondse en Nuwejaarsvoornemens wat vroegtydig bekend gemaak word, help die atmosfeer kweek. Een **gees** word vaardig oor almal. Daar heers 'n opgewonde vakansiestemming en vir sommige word dit moeilik om met die gewone dagtake voort te gaan.

Kersfees en Nuwejaarsfees... feeste van blydschap vir die mense, of sal daar ook baie leed wees? Ongelukke by vakansieoorde, hartseer van mense wat nie kan meedoen nie, dooies op die paaie?

Nog meer: dooies by al die feeste. Mense wie se geloof en wie se harte dood is, terwyl hulle feesvier. Die feeste is feeste sonder Christus. Kersfees — Christusfees, sonder die Bybel, sonder Christus. Kersfees met engelfigure en skitterliggies hoog daar bo in die strate en in die strate en geboue daaronder...kersbome, baie geskenke, jolyt, onsedelikheid en dronkenskap.

Christusfees... is dit nie dalk 'n mensefees of selfs Satansfees nie? Watter gees is vaardig? Sou dit die Heilige Gees kan wees? Mense word ryk deur die handel, mense wat Christus verloën. Ander word verarm deur die handelsuitbuiting — mense wat in Christus glo, maar in die drukte nie meer as 'n verbygaande gedagte het dat dit alles om Sy koms na hierdie aarde gaan of behoort te gaan nie.

"Eer aan God in die hoogste hemele..." Sal dit weer so kan wees dat iets van die geboortedag van ons Verlosser en Middelaar uitgestraal word deur ons feeste? Hoe leeg kan alles nie wees nie — mét al die geskenke en drukdoenery en liggies en vrolike stemme en musiek, want Hy is nie daar nie. Dis nie waarlik Christusfees nie; nie tot eer van God nie.

Hoe vol en ryk kan dit nie wees nie? Met soveel meer rustigheid, soveel minder gejaag. Dit kan 'n dag wees waarop die hele wêreld, alle gelowiges, in ootmoed en nederige dankbaarheid dink aan die genade van God wat sy Eniggebore Seun nie gespaar het nie, maar Hom gestuur het vir ons almal. Dit kan 'n dag wees waarop selfs die ongelowiges moet rekening hou met Hom — as ons die fees reg vier. Hoe heerlik is dit as die **gees** wat vaardig word in hierdie tyd die **Heilige Gees** is.

Die fees self kan eenvoudig wees en tog ryk — soos die gebeure in Betlehem. Christus is daar waar die Woord geopen is, daar waar aan kindertjies vertel word van Hom wat gekom het om te ly, te versoen, te oorwin. Sy Gees is daar waar gespreek word van die Groot Gawe van God — al is daar geen geskenke op Kersdag nie. Christus is daar waar verspote "Vader Krismis" en leë "Merrie Krismis" ontbreek, maar oor die groot wonder van God se genade gepeins, gebed en gesing word.

Nuwejaarsfees — afloop van die hoogtepunt van die feesstemming, sodat almal weer met die normale lewe van 'n nuwe jaar sal voortgaan. Vir sommige is dit vir oulaas die geleentheid om hulself te vergeet. Net eenmaal in 'n jaar kan 'n mens jou dit maar veroorloof.

Vir ander... 'n jaar is verby onder die leiding van God wat die geskiedenis bepaal en wat sy koninkryk laat kom. Daar word gebid om genade vir 'n nuwe onbekende jaar. Daar is vertrou dat Christus, die Bekende, die onbekende toekoms met hulle sal ingaan.

"Kyk, Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld..." Sal ú met Hom wees in die feestye?

**M. A. Kruger**

# *Met die water wat verby is...*

Onherroeplik verby!

Sommer nou-die-dag nog het ons vir mekaar gesê: Voorspoedige Nuwejaar en voor ons ons kom kry, is nog 'n jaar verby. Die tyd vlieg voorwaar soos waters wat snel afloop. Waarlik, ons bring ons jare deur soos 'n gedagte... want gou gaan dit verby en ons vlieg daarheen! (Ps. 90)

Die lewensjaar agter die rug kry ons nooit, nooit weer terug.

Die digter sê:

"Met die waters wat verby is,  
sal die meule nooit weer maal."

## **Vele waters**

Water is tot 'n seën of 'n vloek. 'n Mens kan dit drink, of daarin verdrink. Dit verander die droë laagte in 'n fonteinland, maar in sy kolkende woede rig dit groot skade aan. Was die waters wat hierdie jaar oor u siel gegaan het vir u tot voordeel of tot oordeel?

## **Bitter waters**

Beproewinge, smart, ellende — 'n dierbare aan die dood afgegee, 'n groot misoes, u huwelik op die rotse, die siekbed... het dit u nader aan God gebring of het dit u meer verhard?

Die Spreukdigter sê: Gesteelde waters is soet.

## **Gesteelde waters**

Dit is die versoeking waarvoor u te staan gekom het... so aanloklik! Het u geswig vir ontug, drankmisbruik, sleutelpartytjies... en nou die wrang smaak in die mond.

## **Lewende waters**

Christus het gesê: Ek is die water van die lewe. Net so min as wat jy kan lewe sonder water, so min kan jy ewig lewe sonder Christus. Ek is seker daarvan u het meer as eenkeer hierdie jaar met die water van die lewe in aanraking gekom:

Oor die radio — 'n preek, 'n oordenking, "Boekevat", in 'n gesprek, u kind wat vra hoekom julle nie ook kerk toe gaan nie, of al was dit net die gelui van die kerkklok!

Het dit u sielewater in die diepte omgeroer en na God toe geneig, of het dit nie eers 'n rimpeling op die oppervlak laat ontstaan nie? Die een mond uit in die hel; die ander in die hemel. Daar is geen derde nie.

Die een ontspring by Satan en is soos 'n maalkolk wat jou die donker dieptes insuig. Die ander ontspring by Christus, die Fontein van die lewe en elkeen wat in Hom glo, soos die Skrif sê: Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Met watter stroom het u hierdie jaar meegegaan? Wat het u gedoen met die kanse en geleenthede wat die Here u gebied het om nader aan Hom te kom? Het u die praat van God met u in seëninge en beproewinge, verstaan?

Verootmoedig u dan voor dié God wat u kan lei na waters waar rus is. U siel sal onrustig bly, totdat dit rus gevind het by God, Hy roep u toe: O, almal wat dors het, kom na die waters! Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

### **Nie verby nie!**

Alles kan verbygaan, maar die Woord van onse God hou stand tot in ewigheid. Sy genade is elke dag weer opnuut daar! U kan dus met vreugde skeep uit die fonteine van heil wat Hy vir u in Christus geopen het. **Dié** waters gaan nie verby nie... solank u nog aan die duskant van die graf is... maar soos die laaste dag van hierdie jaar aanbreek, so sal ook u laaste dag aanbreek... en dan?

**W. de Vos**

## ***Ek WOU nie, toe HET ek...***

Marie is 'n jong vrou, skaars oor die twintig jaar. Tog is die kepe van swaarkry en ontbering reeds op haar gesig ingegraveer. Terwyl ons so gesels, kom die gedagte by my op dat sy seker mooi sou gewees het as die uitspattige lewe nie soveel merke nagelaat het nie. Sy was een van baie. Sy het ook soggens die bus gehaal om te gaan werk. Sy het ook met haar maats geginnegaap en mooi dinge in die lewe geniet.

Een aand tydens 'n partytjie het daar iets gebeur wat haar hele lewensloop verander het. Sy was 19 jaar oud... wêreldwys en selfstandig. Die klankstelsel het oorverdowend gespeel. Daar was 'n opgewonde ligsinnigheid in die lug. Al die probleme is vergeet en die geil en vrolike opmerkings kon soms bo die lawaai gehoor word. 'n Houer met klein pilletjies het die rondte gedoen.

Eers was sy bang. Sy wou nie neem nie, maar almal het gelag. Dit laat 'n mens nog lekkerder voel. Nare probleme verdwyn sommer net so! Sy het daarvan geneem. Die vrolikheid het steeds groter geword. 'n Heerlike gevoel van selfvertroue en roekelose traak-my-nie-agtigheid het haar omspoel. Hierdie eerste ondervinding was lekker! Later het sy dikwels weer hierdie pille gebruik.

### **En vandag?**

Sy kan die verhaal voltooi! Sy het afhanklik geraak van dwelms! Sy het later ook ander middels gebruik. Daar was mos niks mee verkeerd nie, maar stap vir stap is sy ingelei in die wêreld van afhanklikheid, totdat alles 'n hel was! Hoe kan sy dit vertel? Die namelose angs... die ontsettende eensaamheid... die gevoel dat niemand jou verstaan en niemand jou kan help nie.

Sy is later opgeneem in 'n inrigting waar sy maande lank behandeling ontvang het en nog is sy onseker en bang. Sy het soveel langs hierdie kort stukkie van haar lewenspad verloor.

Die afhanklikheid van dwelms is een van die groot gevare wat die twintigste eeu gebring het. Soos so baie ander probleme, sak dit 'n mens nie met al sy afgrysligheid toe nie. Dit begin so mooi. Geniet die lewe... vergeet die bekommernisse... wees 'n ou sport... almal doen dit... dit laat 'n mens lekker voel. Wat is verkeerd daarmee... ek sal nie gevang word nie. Alles lyk so mooi en sonder gevare, maar in die fluweelhandskoen is 'n ystervuis!

Ons kan nooit te versigtig wees nie. Dit is nie net slegte mense wat afhanklik raak van dwelms nie. Van die room van ons volk gaan verlore en dit is dikwels so: gee ek eers die pinkie, spoedig het hy die hand.

As Marie nie daardie fatale partytjie bygewoon het nie, as sy beter maats gehad het, as sy nie so vol selfvertroue was nie — sou haar lewe nie miskien heel anders daar uitgesien het nie?

**A. P. C. Duvenage.**

## ***Die tuie het gebreek...***

*DIS 'n Oktoberdaand in die jaar 1654. 'n Rytuig, bespan met vier perde, ry langs die Seine in Parys en swenk meteens na 'n brug sonder traliewerk. Die voorste perde steier terug en keer regsom na die rand van die brug. Voordat hulle gekeer kan word, stort hulle oor die brug en verdwyn in die diep waters van die Seine. Maar die rytuig word nie saam gesleur na 'n gewisse dood nie, want. . . op die kritieke oomblik het die tuie gebreek.*

*In dié rytuig sit Blaise Pascal, die beroemde wiskundige, 'n fynsinnige geleerde. Hy het buite God en Christus om gelewe. Toe was hy 31 jaar oud. Plotseling is hy egter geplaas in die grenssituasie van sy lewe: die donker nag, die verskrikte perde, die stromende water en agter dit alles die grimmige gestalte van die dood.*

*Maar die tuie het gebreek...*

*Pascal, so word aangeneem, is op Christus gewerp.*

*'n Maand later, die 23ste November 1654, skrywe hierdie man: "God van Abraham, God van Isak, God van Jakob, nie die God van die wysgere en geleerdes nie, maar die God van Jesus Christus. Hy laat Hom nie vind anders as deur die weë geleer in die evangelie nie".*

*God gebruik skokkende gebeurtenisse om 'n mens tot inkeer te roep . . .*

*Onthou u nog daardie motorongeluk en u wonderbaarlike redding daaruit?*

*Sal die tuie volgende keer weer breek?*